Fourie Scheepers

ZINABOS BONSMARA

Goeie dag Bonsmara vriende,

Hoop die jaar behandel u almal goed . Dit was ‘n baie nat jaar in somerreën gebiede en selfs in die weste waar dit so droog was, het uitkoms gekom. Baie , baie om voor dankbaar te wees.

Die aanvraag na teelmateriaal het verhoog nadat die weiding herstel het en dit behoort nog ‘n ruk so aan te hou aangesien die nasionale beeskudde so verklein het dat ons tesame met uitvoere behoort te wikkel om genoeg beesvleis aan die land te voorsien.

Ons bied ons jaarlikse veiling aan op 5 Augustus 2022 op die plaas Hoogland, Fouriesburg. Die aanbod sluit in 63 bulle, waarvan 6 goeie kuddevaars, asook SP koeie, waarvan 35 Golden Oldies is.

Ons nooi uit hartlik na die jaarlikse veiling. Die aanbod van die bulle is van hoogstaande gehalte en die teelwaardes is ‘n goeie aanduiding daarvan:

Geboorte gewig +4% (ligter as ras. Gem.); Speenkalf waarde +12%; Koeivrugbaarheid +4%; Skrotum omtrek +7%; Langslewendheid +13%; GDT +15%; Voeromset +6%; Hoogte op ras. Gem.; Lengte +10%; Groei +17%; Karkaswaarde +17%; en Produktiewe Waarde +17%. U koop dus genetika vêr bokant die ras en kudde gemiddeld.

Ons bied nageslag van top bulle in die ras aan veral van **CEF130317** wat ons in 2018 verkoop het aan TKB en TMB Bonsmaras vir R700,000. ‘n Seun van 317 is op Sernick se jaarlikse veiling verkoop vir R1,8 miljoen – baie geluk aan Nick Serfontein en die koper, Johan Goosen – 5 bulle van CEF130317 word aangebied. Daar is ook ‘n paar goeie kleinseuns van die bul op die veiling. Die erfdwang van 317 word weer herhaal in sy keinseuns. Die bulle het baie sterk erfdwang veral op groei, karkas eienskappe, kalwingsgemak en vrugbaarheid. Dieselfde geld ook vir **CEF130548** – verkoop aan Boeram Venter vir R500,000 - word 14 nageslag aangebied. **CEF130548** het ook goeie kalwingsgemak en hope melk by sy vroulike nageslag en goeie groei en vrugbaarheid. Die topprys bulle in 2020 en 2021 was nageslag van **CEF130548**.

Ons bied ook heelwat nageslag uit nuwe genetika aan wat nog nie voorheen aangebied is nie. Indien u wel van ons genetika het kan u met vertroue weer aankope doen sonder om inteling te doen. **LAR160004** het goeie top lyne, lengte van lyf gladde vel en haar en goeie bespiering geteel, en **VV160038** het weer goeie kapasiteit en melk en aanpasbaarheid eienskappe gebring.

Hiermee kort beskrywing van die sterkpunte van elke bul:

Lot 1 CEF190445 : Ons begin met goed gebalanseerde bul met sterk manlike kop en breed oor sy rug en agterkwart en feitlik foutloos. Sy moeder speen 3 kalf op 5jr oud met ‘n gem. speen van 110. Sy vaar is CEF180486 (CEF100304) en het 4 nageslag op die veiling en is ook geskik vir verse.

Lot 2 CEF190548 : Hy is lank, breed, en glad van haar met sterk kop en bek. Hy is die eerste van BBM150057 wat ons aanbied. Dit is dus nuwe genetika vir telers wat van ons bulle reeds gebruik het. Hy is mooi sag bespier oor sy skouer en blaaie maar tog breed en vol in sy agterkwart. Sy moeder is vrugbaar en speen 6 kalwers op 8 jr oud (eintlik 6 uit 6 jaar) en TKP390 met speenkalf waarde van 113 en koeiwaarde 103, ‘n maternale bul ook om vervangings verse te teel.

Lot 3 CEF190474 : Sterk langlyf bul (H/L: 1.28) met baie goeie karkas eienskappe wat ons in ons komm. kudde op verse gebruik het. Hy is ‘n kleinseun van CEF130317 wat goeie invloed by verskeie telers in die land het. Sy moeder is goeie Golden Oldie met TKP 367 en gem. speen van 100. Sy teel die 4de bul wat verkoop word op veiling. U kry dus goeie genetika met erfdwang op goeie eienskappe. Nog ‘n maternale bul. Sy vaar is een van 317 seuns wat nog in die kudde gebruik word. Ons behou ook een mede-eienaarskap van die bul.

Lot 4 CEF190564 : Hy is n manlike bul met goeie kapasiteit – diep, breed en swaar agterkwart uit jong genetika in die kudde. Met Kalfgemakwaarde 110, Vrugbaarheid 110, Koeiewaarde 109, Groei van 125 en Karkaswaarde van 111 behoort hierdie bul ‘n positiewe invloed in die nasionale kudde te hê. Sy moeder speen 3 kalf op 3jr oud (1x2-ling) met TKP379. Geskik vir verse en onverwant van vorige teling.

Lot 5 CEF190542 : Nog ‘n seun van BBM150057 – nuwe gene – met pragtige aanslag en balans. Feitlik foutloos met sterk kop en bek, mooi toplyn, kort skede en mooi gevormde testes. Hy vertoon vrugbaarheids- en goeie aanpasbaarheidseienskappe. Hy is ook breed oor sy rug en buite dye. Nog ‘n maternale bul geskik vir verse.

Lot 6 CEF190578 : ‘n Pragtige sterk gebalanseerde bul met kapasiteit, breedte en bespiering. Sy vel en haar, skede en testes onberispelik . Let veral op die syfers: speenkalfwaarde 125; vrugbaarheid 110; koeiwaarde 122; langslewenheid 111; groeiwaarde 139 en karkaswaarde 136. Sy moeder is ‘n pragtige koei uit die Frans vd Berg kudde wat uitstekend vir ons teel. Een van ons hoofstoetbulle, CEF180520 is ook van haar nageslag. Al haar nageslag is goedgekeur en haar vroulike nageslag presteer net so goed. Hy is ‘n seun van LAR160004– dus onverwant van ons vorige gene. Ons het reeds 3 seuns van LAR160004 wat ons in die kudde gebruik maar sien hom as van die heel beste uit die stoetvaar. Hy is ‘n bul wat in stoetkuddes ‘n bydrae kan maak. Ons behou ook een mede-eienaarskap van die bul.

Lot 7 CEF190514 : Die 1ste van CEF130317 op die veiling. Ons het hom as jonger bul gebruik in die kudde en behou een gebruiksaandeel in bul. Hy het goeie lengte en breë agterkwart met sagte

bevlesing oor sy skouers en blaaie. Staan mooi op sy kloue en het feitlik perfek gevormde testes. Sy moeder is ‘n staatmaker koei in die kudde met TKP 394 en gem. speen van 108. Sy Speen jaarliks bogemiddeld. Die bul het ook die pragtige houding van sy pa ge-erf. Beveel hom sterk aan.

Lot 8 CEF180480: Een van die beste bulle wat ons geteel uit CEF130317 en gebruik in die Zinaboskudde. Hy is donkerrooi baie manlik en vol bespier oor sy rug, kruis en agterkwart. Die bul het baie sterk kloue en dra mooi gevormde skrotum, testes en skede. Hy is besonders lank met ‘n mooi toplyn en syfer van 142 en was die perfekte speenkalf by speen met gewig van 305 kg. Sy syfers vertel eintlik die volle verhaal: Speenkalf waarde van 142; Koeiwaarde 117; Groeiwaarde 157 en Karkaswaarde van 155. Hy het ook bogemiddelde syfers op oogspier 151; vet 120 en marmering 125. Hy het ‘n wakker houding met sagte temperament. Daar is reeds #48 nageslag aangeteken en ons hou een mede-eienaarskap van die bul.

Lot 9 CEF190547: Nog ‘n goeie seun van CEF130548 en L/H verhouding van 1:27. Hy is lank met goeie bespiering, lang boud en balans. Sy teelwaardes is optimaal in alle opsigte van groei, kalfgemak, maternale en karkas waardes. Ook geskik vir verse.

Lot 10 CEF190570: ‘n Bul met ‘n wakker houding met baie diepte kapsiteit en goeie bevlesing. Hy is baie manlik met tipiese manlike kroeshare op sy kop en nek en hy is breed oor sy kruis en agterkwart. Hy staan ook vierkantig op sterk kloue en loop gemaklik. Hy dra ‘n breë sterk bek met ‘n manlike kop en oogbanke. Die bul se moeder is verkoop as Golden Oldie in 2020 en 6 uit 9 kalwers goedgekeur, TKP383 en sp gem. van 103. Sy vaar, ‘n seun van 13-548 het ook dieselde goeie eienskappe gehad: kapasiteit; kalfgemak en goeie groei en goeie melk syfers. Ons hou een mede-eienaarskap van die bul en is geskik vir verse (kalwingsgemak 123).

Lot 11 CEF190477 : ‘n Mooi gladde bul met uitstaande lengte van lyf met lang boud en breë agterkwart. Die skede, testes en kloue is ideaal. Die bul is geteel uit CEF130317 en CEF140056, koeie het baie melk, goeie moedereienskappe en kom uit ‘n familie van uitstaande oumas en groot oumas. Hulle is langslewend, het baie melk en is uitstekend aangepas – presies die diere wat ‘n beesboerdery betalend maak en hou. Die bul se teelwaardes van kalwingsgemaak dwarsdeur tot vleiseienskappe is bogemiddeld . Ons slaan die bul hoog aan en hou een mede-eienaarskap van die bul. Ook geskik vir verse.

Lot 12 CEF190362 Hy is ‘n onverwante bul uit VV160038 wat ons gebruik het as skoonmaak bul na KI program op verse – meeste nageslag moet nou gebore word. Hy is mooi gebalanseerd met goeie kapasitiet, ‘n breë, diep agterkwart wat lank is van heup tot sitbeen. Aan moederskant kom hy uit ‘n mooi jonger koei wat uit CEF100036 kom wat verkoop is as Golden Oldie aan Sebadja Bonsmaras en in hul embrio program gebruik word. Hy is uitstekend op kalwings gemak en onderhoudswaarde. Ons behou een gebruiksaandeel in die bul en hy is geskik vir verse.

Lot 13 CEF190439 Hy is lank, breed, dik en dra baie vleis oor die hele karkas - ‘n uitstekende bul om swaar kalwers te speen. Sy moeder is nog jonk maar speen jaarliks vêr bo gemiddeld. Al die faktore maak dat mens die bul moet gebruik om swaar kalwers te produseer. Moet hom nie misloop nie.

Lot 14 CEF190579: Erfdwang in die Bonsmara ras het met rasse skrede vooruitgegaan en hierdie bul is ‘n goeie voorbeeld. Sy moeder CEF100170 teel CEF130322 (8)wat ons gebruik in kudde en verloor hom in rare geval aan Rooiwater . CEF150565 (8) gebruik hom in kudde en verkoop in 2018. Na nog 8-punt vers teel sy CEF170545 (9) en hy word in 2020 verkoop vir R320,000 aan TMB, TKB en Bestrina Bonsmaras. Na nog ‘n 7 punt vers teel sy hierdie 8-punt bul uit dieselfde vaar, CEF130548 as CEF170545. Sy is ook verkoop aan Poggenpoel en Baszhon Bonsmaras vir R205,000. Sy word nog in hul embrio program gebruik .

Die bul self is goed bevlese en dra ook al die goeie eienskappe van sy broer. Hy het mooi toplyn, sterk kop en bek, sterk pote en korrekte skede en testes. Al die teelwaardes is sterk van Kalwingsgemak-127, Speenkalfwaarde-119, Vrugbaarheid-122, Koeiwaarde-132, Groeiwaarde-118, en Karkaswaarde-114. Ons beveel hom sterk aan – Goeie genetika met erfdwang. Geskik vir verse.

Lot 15 CEF190503 : Hy beindruk met die oogopslag met sy baie vleis, diepte en breedte (kapasiteit). Daarmee is hy glad van haar met pragtige sterk manlike kop en bek, breed oor sy rug en heupe met lang boud wat afkom by die hak. Sy skrotum is mooi gevorm en glad wat ‘n baie goeie eienskap vir vrugbaarheid is. Hy is geteel uit CEF150315 wat uitstekende breedte en vleisopbrengs geteel het. Al sy moeder TKP375 se kalwers is goedgekeur en sy op haar beurt geteel uit CEF040090 –TKP371/10 wat uitstekend geteel het en as Golden Oldie verkoop is. Sy stamboom bevestig net hoekom hy so sag val op die oog.

Lot 16 CEF190568 : Nog ‘n pragtige seun van LAR160004 en VV-koei wat ons laasjaar as Golden Oldie verkoop het. Hy is lank, breed en goed bespier oor die rug en lende. Hy is verder feitlik perfek gebou met goeie kloue, testes, skede en goeie balans. Met ‘n pragtige houding, sterk kop en bek en gladde vel en haar, vang die bul jou oog telkens as jy die kamp binnegaan. Hy is bogemiddeld op al die teelwaardes en ons beveel hom hoog aan.

Lot 17 CEF200351 : Hy is die eerste van die jong bulle op aanbod vanjaar. ’n Bul wat goed bespier is met uitstekende karkaseienskappe dwardeur. Hy kom uit ‘n jong vrugbare koei TKP362.

Lot 18 CEF200332 : Een van die sterre op die veiling uit die jongbul groep. Nog ‘n sterk seun van LAR160004 met mooi toplyn, lang lyf en goeie balans en feitlik foutloos. Die karkas eienskappe word duidelik weerspieël in die breë rug en vol buitedye. Al sy ander teelwaardes weerspieël die pragtige balans. Hoogs aan te beveel as maternale bul vir kuddes wat speenkalwers verkoop en verse terug hou om kuddes te bou.

Lot 19 CEF200340 : ‘n Kleinseun van CEF130317 en is dit duidelik dat CEF130317 sy fenotipe sterk oordra. Hy is donkerrooi met donker pigment op neus, oë en kloue. Hy het vol kapasiteit van voor, agter die blad en agterkwart. Sy sterk kop, bek en wakker houding herinner aan sy pa en oupa. Alles wat mens graag in ‘n teelbul wil sien. Sy moeder is nog jonk maar doen alles wat mens graag van ‘n jong koei wil ervaar – kalf gereeld, maak haar kalwers groot ten spyte van die moeilike koue winters -TKP390. Ons behou ‘n gebruiksaandeel in die bul en hy is geskik vir verse.

Lot 20 CEF200374 : ‘n Mooi kombinasie uit CEF160490 en CEF130317 (moederskant). Fenotipies dra hy mooi vleis en is korrek op kloue met sterk manlike kop en bek. Hy is ook vol agter die blad en mooi bevlese oor sy skouers en blad. Geskik vir verse en al sy teelwaardes beaam dit. Uiters goeie kalwingsgemak, goeie speen groei, naspeen groei, maternale eienskappe en karkas eienskappe – kortom goeie balans. Beveel hom sterk aan.

Lot 21 CEF200352 : Hy is die laaste nageslag van LAR140064 – verkoop vir R700,000 in 2021. Hy het ook baie kapasiteit en groei en word sterk aanbeveel vir telers wat speen kalwers verkoop. Hy kom uit ‘n pragtige Golden Oldie wat laasjaar verkoop is en voorheen bulle op die veiling verkoop het. ‘n Goeie maternale bul om vervanginsverse te teel.

Lot 22 CEF200356 : Nog ‘n sterk speenkalf bul met baie goeie maternale waardes. Hy is geteel uit ‘n top Golden Oldie wat vroeër vanjaar op nasionale veiling aan Johan Goosen verkoop is. Sy verkoop ‘n top bul laasjaar aan Franzyl Bonsmaras vir R230,000 en in 2020 ‘n bul wat ons in die kudde gebruik het. Hy dra goeie bespiering en kapasiteit met goeie groei , van CEF150315 en behoort ‘n groot aanwins vir speenkalftelers te wees.

Lot 23 CEF190487 : ‘n Vol bespierde bul met goeie lengte en aan beveel as terminale bul om al die nageslag te bemark op speen.

Lot 24 CEF190549 : ‘n Bul met goeie kalwingsgemak en goeie groei en maternale waardes. Hy het mooi ontwikkel en as versbul gebruik ons hom op kommersiële verse. Breed oor sy rug met lang boud en manlike kop en oogbanke. Sy teelwaardes is ook goed vir kalwingsgemak , speen, naspeen en koeiwaarde. ‘n Waardevolle maternale bul.

Lot 25 AJF190534 Uitstekende jong bul van die Ferrero groep wat ons en seisoen gebruik het . Hy baie goeie groei , lengte van lyf en vol bespiering.

Lot 26 CEF190543 : ‘n Pragtige bul met toplyn, goed bevlese oor sy hele lyf, korrekte bene, kloue, testes en skede. Verder is hy vol agter die blad met sterk kop en bek – al die goeie eienskappe wat ons soek in ‘n goeie teelbul. Sy moeder CEF160100 speen bogemiddeld deur die bank en al haar kalwers is goedgekeur. Die bul het baie potensiaal en ons hou een gebruikaandeel van hom uit. Waardevolle maternale speenkalfbul – alles in een.

Lot 27 CEF190716 : ‘n Uitstekende versbul uit CEF150326 en positief op al sy teelwaardes. Hy is donkerrooi lank van lyf met ‘n vol agterkwart met sagte bevlese bespiering. Hy is die ideale maternale bul met lig op geboorte, goeie groei, en hoë speenkalf syfers. Sy moeder is vrugbaar –TKP 375.

Lot 29 CEF200314 : Mooi donkerrooi bul geskik vir verse – lig op geboorte en matige groei maar goed gebalanseerd. Die bul het goeie karkas, vrugbaarheid en langslewendheid waardes. Goeie, jong vrugbare moeder en baie goeie oumas aan albei families.

Lot 30 CEF200360 : ’n Onverwante jongbul met pragtige gladde vel en haar, goeie groei en uitstekende karkaswaardes – die ideale speenkalf bul. Sy moeder se 1ste kalf verkoop vir R75,000 (2021) en sy is onberispelik in haar produksie – 4-kalf op 5jr oud, speen 100/3 kalf en TKP van 367.

Lot 31 CEF200363 : Nog ‘n goeie onverwante jongbul uit ‘n uitstekende jong koei – 4 kalf op 5 jr oud, TKP381 en 102/3 speen, met 100% goedkeuring. Sy herhaal haar goeie produksie jaarliks. Die bul het ligte geboorte, en matige groei syfers en goeie karkas eienskappe. Hy dra ‘n sterk kop met ‘n breë bek en feitlik foutloos op bouvorm – kapasitieit, bespiering en skoon skede en skrotum. Uistekende maternale speenkalf bulletjie.

Lot 32 CEF200353 : ‘n Sterk maternale bul, geskik vir verse met lang diep lyf en goeie bespiering. Hy kom uit baie vrugbare moeder met baie melk (+9.3) en baie vrugbaar – TKP373 en speen 103/6 kalf – almal in die winter.

Lot 33 CEF200348 : Mooi gladde haar donkerrooi bul met ‘n lang lyf en lang agtekwart wat laag tot onder die knie kom . Baie positief op al die belangrike eienskapppe en geteel uit n top moeder . Sy is uiters vrugbaar (115 en TKP van362), baie melk (13.8) en 100% goedkeuring ootr haar nageslag. . Nog goeie maternale bul en geskik vir verse . Hy is ook van die laaste groep kalwers uit LAR140064 wat ons aanbied .

Lot 34 CEF200373 : Goed gebalanseerde bul uit goeie vrugbare moederlyn met baie melk(110/5) en uiters vrugbare koei (TKP 382). Mens soek altyd goeie jong bulle uit vrugbare, aangepaste koeie en met genoeg melk en hierdie is juis so ‘n bul. Hy is glad van haar, mooi gebalanseerd van voor na agter, sterk kop en bek en donker pigment. Geskikte versbul met positiewe syfers dwarsdeur van begin tot einde by karkas eienskappe. Sterk maternale bul.

Lot 35 CEF200387 : Nog ‘n bul met baie kapasiteit uit CEF170391. Sy moeder het feitlik nog ‘n beter rekord as die vorige bul met baie melk –speen 111/5 en TKP van minder as ‘n jaar op 353. Die oumas aan albei kante het net sulke indrukwekkende produksie en die eienskappe behoort vas te lê in sy gene. Uitstekende karkaswaardes. Alles maak hom nog ‘n goeie maternale speenkalfbul.

Lot 36 CEF190603 : Mooi gladde vel en haar en mooi gebalalnseerd. Goeie groei en karkaswaarde en onverwant van ou Zinabos lyne. Goeie speenkalf bul.

Lot 37 CEF190369 : Soos met alle nageslag van CEF130548 is hy uitstekend op alle maternale waardes, swaar op speen, baie melk, vrugbaar, langlewend, goeie groei tog lig op geboorte. Die bul is mooi bevlese en lang boud. Ons het hom ook met groot vrug gebruik op verse in die kommersiële kudde.

Lot 38 CEF190482 : Bul met diepte, breedte en manlikheid – goeie kapasiteit en sy moeder het baie melk. Sy speen 110/7 kalwers en is langslewend : sy word ook aangebied op die veiling by Lot 80 as Golden Oldie. Dis graag ook die bulle wat mens se gene wil oordra op jong vervangings diere. Goeie maternale versbul uit onverwante lyne.

Lot 39 CEF190444 : ’n Wakker jong bul met pragtige houding en top lyn met goeie kapasiteit en bespiering. Hy is breed oor sy rug en kruis met breë agterkwart. Sy moeder speen goed met genoeg melk. Sag op die oog vir fynproewer.

Lot 40 CEF190473 : ‘n Indrukwekkende bul uit CEF130317 uit ‘n top moeder wat al die produksie regmerkies het. Hy is manlik, met trotse houding, breed oor sy rug en kruis met ‘n lang boud en agterkwart. Boonop het hy foutlose geslagsorgane en het ‘n bogemiddelde konstitusie – hy hou

altyd kondisie –selfs onder moelik omstandighede. Die bul het baie goeie groei en karkaseienskappe en lig op geboorte. Geskik vir verse.

Lot 41 CEF190520 : Lang lyf seun van CEF130317 uit Golden Oldie **-** Lot 86 op die veiling. Versbul met goeie groei en karkaseienskappe.

Lot 42 CEF190489 : 'n Sterk manlike bul met goeie bespiering en dik agterkwart. Hy het lang breë rug en baie korrek op pote, kloue en gelsagsorgane. Goeie speenkalf bul.

Lot 43 CEF190483 : Mooi balans met goeie kapasiteit en baie groei. Goeie speenkalf bul. Hy dra 'n sterk kop en breë bek en is lank van heup tot sit been. 'n Versbul met goeie maternale en karkaseienskappe.

Lot 44 CEF190515 : 'n Bul met goeie lengte van lyf en sterk kop en bek. Sy syfers is bogemiddeld deur die bank en 1ste seun van CEF130548 op die veiling. Sy moeder CEF130127 is 'n mooi voorbeeld van 'n funksionele koei, teel besonder goed met al haar nageslag goedgekeur en ons verkoop een seun aan Ferreiro Bonsmara in 2020 vir R210,000. Hierdie kombinasie van 13-548 en 13-127 behoort goed te presteer in enige kudde. Geskik vir verse.

Lot 45 CEF190613 : 'n Langlyf manlike bul uit 'n baie vrugbare koei met TKP van 338. Matig op groei.

Lot 46 CEF190582 : Die bul het baie goeie speenkalf syfers en boonop het sy moeder baie melk met uitstekende TKP van 359. Glad van vel en kort van haar en goeie maternale speenkalfbul – H/L 1.26 !!

Lot 47 CEF190507 : Bul met sterk kop en bek, goeie toplyn, goeiediepte en breedte –uitsteknde kapasitieit. Hy is vol in sy buitedye met 'n lang breë boud en bogemiddelde karkas eienskappe. Al sy syfers is vêr bogemiddeld – kalfgemak, speen, melk, vrugbaarheid, koeiwaarde en karkaswaarde. Uitstekende maternale versbul om swaar speenkalwers te teel. Seun van CEF130548. Hoogte /Lengte verhouding is 1.28 beste op die veiling.

Lot 48 CEF190499 : 'n Kurweknakker uit die "stockmans" dagboek. Lig op geboorte met goeie groei, vrugbaarheid en genoeg maternale eienskappe. Geteel uit CEF130548 – wat uitstekende koeie teel - en 'n Golden Oldie CEF120231 (lot 97) met TKP van 397. Geskik vir verse.

Lot 49 CEF190486 : Hy is glad van vel en haar pragtig gebalanseerd tov hoogte/ lengte en bespiering. Al sy ouers kom uit vrugbare, hoogs produserende koeie en sy teelwaardes beaam dit. Kalfgemak, speengroei, naspeen groei en vrugbaarheid is vêr bo rasgemiddeld asook karkaswaarde. Goeie maternale versbul.

Die oorblywende bulle is almal mooi bevlese bulle uit goeie moeders en al hul teelwaardes beaam dit. Goeie bulle om die kommersiële kudde te dien.

Die Golden Oldie stoetkoeie is van hoogstaande gehallte en kom uit al die droë en nat jare met uitstekende produksies. Die koeie het altyd goed geproduseer en dit is eintlik baie moeilik om van hul uit te sonder. Deur die jare wat ons die diere beskikbaar stel het ons net goeie terugvoering ontvang va uit **alle dele** in die land. Hulle is hoogs aanpasbaar en handhaaf kondisie en produksie uitstekend. Daar is van die diere wat tot 5 kalwers gehad het nadat hul verkoop is op 10 en 11 jr ouderdom.

Die aanbod begin met koeie met winterkalwers. Dis koeie wat oorwegend uiters vrugbaar is aangesien die winterdekseisoen **slegs 60-70 dae beslaan.** Om teen sub-zero temperature en swakker veld toestande hierdie produksie jaarliks te handhaaf kan slegs uiters vrugbare koeie wees. Hulle loop nou saam met CEF200330 - 'n jong donkerrooi bul uit CEF160490 en uitstaande VV jong koei met baie melk en top produksie. Sy teelwaardes is uitstekend op speen (123); melk(120); koeidoeltreffendheid (126); langslewendheid (115); GDT (135); Karkaswaarde (124); Koeiwaarde (121) en Produksiewaarde (127). Hy het pragtige gladde vel en haar en feitlik foutloos op bouvorm. Hy is die tipe bul wat die koeie behoort te komplimenteer. Hulle sal uit die aard van die dekseisoen nie almal dragtig bevestig word nie maar die meeste is gewoonlik dragtig met die veiling – geneem uit 20 jr ondervinding van koeie verkoop. Die dragtige koeie is gepaar met die beste bulle in ons kudde soos ons enige ander koeie sou paar met die beste tot ons beskikking. Al die koeikaarte sal beskikbaar wees vir vooraf besigting of op navraag. Kontak ons gerus enige tyd vir inligting benodig. Ons beveel aan dat u enige tyd vooraf die diere kom besigtig per afspraak. Dit word hoogs aanbeveel. Die digitale katalogus met fotos sal ook 3 weke voor die veiling beskikbaar wees.

Al die stoetdiere word gratis landwyd afgelewer en die kommersiele diere binne 'n radius van 250 km gratis. Ons sal verder aflewer teen heersende pryse met dien verstande dat 1ste 250 km gratis is. Versekering sal beskikbaar wees op die terrain.

Die aanbod behels:

60 Stoet en kommersiële bulle (almal SP)

67 SP koeie dragtig of met kalwers

95 Kommersiële koeie (dragtig)

20 Kommersiële dragtige verse

15 Speenverse kommersieël

Die kudde word jaarliks getoets vir TB en BM en ons is skoon getoets vir die laaste 4 jaar. Diere word ge-ent teen Spons, Lam, Milt, Knopvel en Galsiekte. Alle vroulike diere word jaarliks ge-ent met RB51 vir BM. Kalwers word jaaliks ge-ent vir BVD. Bulle is almal geskedewas en het negatief getoets en word vrugbaar gesertifiseer. Al die dragtighede word gesertifiseer 1 week voor die veiling.

Verblyf is beskikbaar by Fouriesburg Country Inn - 058-223 0207 - **OF** Oranje gasteplaas - 058-2230412 - **OF** Bella Montana - 083 296 4135. Ons sal die aand voor die veiling 'n verwelkoming aanbied te Bella Montana vir voornemende kopers wat vooraf bespreek by Zanet – 083 581 1627 teen 1 Augustus 2022.

Diere uit die kudde presteer baie goed by verskeie stoettelers oral in Suidelike Afrika en daarom nooi ons u hartlik uit om die dag saam met ons te spandeer. Dit sal ons voorreg wees om u te ontvang.

Vriendelike groete,

Fourie , Zanet, en Zinabos span